higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

08 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

154Q1N2208

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Armoede-uitwissing verwys na die … van armoede.

A eliminering
B vermindering
C verhoging
D ignorering

1.2 ’n Gesin se … behoeftes word nie aan voldoen as hulle met hongersnood sukkel nie.

A veiligheids-
B fisiologiese
C ego-
D sosiale

1.3 Die …-toelae word gewoonlik aan die primêre versorger van ’n kind betaal, waar die primêre versorger nie die ouer is nie.

A pleegsorg
B sorgafhanklikheids
C gestremdheids
D ouderdoms

1.4 Die psigomotoriese domein verwys na … ontwikkeling.

A verstandelike
B emosionele
C sosiale
D koördinasie-

1.5 Die …-toets word gedoen wanneer die staat wil besluit of ’n persoon ’n toelae benodig.

A apgar
B middele ('means')
C moro
D IK

1.6 … kan as ’n ekstrinsieke versperring vir leer vir studente geïdentifiseer word.

A Bemoediging
B Chroniese siekte
C Dakloosheid
D Disleksie

1.7 … dui aan dat iets verkeerd is of dat jy nie gesond is nie.

A Simptome
B Oorsake
C Inkubasietydperke
D Inentings

1.8 ’n … is ’n amptelike dokument wat ’n staat se beleid oor ’n spesifieke saak uiteensit.

A Wet
B Regulasie
C Witskrif
D Opinie

1.9 … onderwys fokus op die groter prentjie van ’n leerder se leerervaring.

A Kognitiewe
B Gedrags-
C Eksklusiewe
D Uitkomsgebaseerde

1.10 Navorsing word gewoonlik gebruik om ’n teorie te toets of te …

A ontmoedig.
B beskryf.
C skep.
D verduidelik.

1.11 … navorsing poog om te bepaal of ’n fenomeen bestaan of nie.

A Verkennings-
B Beskrywende
C Voorspellende
D Aksie-

1.12 ’n … dien om die hele bevolking te verteenwoordig.

A Veranderlike
B Eenheid
C Skaal
D Steekproef

1.13 ’n … steekproef sal meer akkurate resultate tydens navorsing verseker.

A Groot
B Klein
C Medium
D Homogene

Kopiereg voorbehou

1.14 … steekproewe behels die kies van watter elemente ook al gerieflik is.

A Teiken-
B Sneeubal-
C Ruimtelike
D Toevallige

1.15 Bronne van primêre data sluit in …

A verkoopsrekords.
B koerante.
C kliënte.
D tydskrifte.

1.16 Wanneer ’n onderwyser kinders op die speelgrond waarneem, word daarna verwys as … waarneming.

A deelnemers-
B niedeelnemers-
C natuurlike
D onnatuurlike

1.17 Die algemeenste manier om data visueel aan te bied, is deur … te gebruik.

A grafieke
B opstelle
C verslae
D toetse

1.18 Die … beginsels van ’n navorser sluit vertroulikheid en respek in.

A normale
B niebelangrike
C abnormale
D etiese

1.19 Alle deelnemers van ’n ondersoek moet eers … vir die navorsing gee.

A toestemming
B geld
C kos
D inligting

1.20 Kinders is gewoonlik baie … teenoor ’n navorser.

A vertrouend
B wantrouend
C onvriendelik
D afkeurend

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Abraham Maslow was ’n (sielkundige/pediater) en hy het die hiërargie van menslike behoeftes ontwikkel.

2.1.2 Volgens Maslow (sal ’n individu/sal ’n individu nie) na die hoër vlak kan beweeg as die laer vlak nie ten volle bevredig is nie.

2.1.3 Maslow het die vier vlakke saam gegroepeer en dit die (gebreks-/groei-) behoeftes genoem.

2.1.4 Die (gebreks-/groei-) behoeftes kan nooit ten volle bevredig word en as aandrywing om ons volle potensiaal in die lewe te bereik, optree nie.

2.1.5 (Groei/Welsyn) verwys na ’n mens se gemak, geluk en algehele gesondheid.

2.1.6 Finansiële sekuriteit vorm deel van Maslow se (agting-/sekuriteits-) behoeftes.

2.1.7 Wanneer ’n kind skoonheid, kuns en musiek waardeer, vervul hy/sy (estetiese/natuurlike) behoeftes.

2.1.8 (Voeding/Ondervoeding) is swak gesondheid as gevolg daarvan dat ’n mens nie genoeg het om te eet nie.

2.1.9 Meer kinders sterf van (MIV/ondervoeding) as van enige ander oorsaak in Suid-Afrika.

2.1.10 Niesteekproeffoute is foute wat (nie verband hou nie met/verband hou met) die handeling van die kies van ’n steekproef.

(10 × 1) (10)

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.2.1 ’n Rooi strik is ’n simbool van die stryd teen VIGS en dwelmmisbruik.

2.2.2 As ’n mens met hoërisikogedrag doenig is, is daar ’n baie goeie kans dat ’n mens ongesond kan raak.

2.2.3 Om een keer per dag jou hande te was, is genoeg om goeie welsyn te verseker.

2.2.4 Basiese gesondheidsorg begin die dag waarop ons gebore is, dus moet babas geïmmuniseer word.

Kopiereg voorbehou

2.2.5 Versadigde vette is plantvette.

2.2.6 Onversadigde vette is geneig om by kamertemperatuur te stol.

2.2.7 Die hoofbrandstof wat die liggaam tydens oefening gebruik, is proteïen.

2.2.8 Vitamien D word natuurlik deur die menslike liggaam geproduseer tydens blootstelling aan direkte sonlig.

2.2.9 Ondervoeding verswak nie ’n mens se immuunstelsel nie.

2.2.10 ’n Leerder met MIV kan op grond van hul MIV-status toelating tot ’n skool geweier word.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	’n Algemene oorsaak van ondervoeding in gesinne	A	hindernis
3.1.2	Algemene simptome wat met VIGS verband hou	B	stygende kospryse
3.1.3	Tipes fisiese hindernisse wat by kinders kan voorkom	C	disleksie; afasie
3.1.4	’n Versperring wat beweging of toegang verhoed	D	erkenningsbehoeftes
3.1.5	Skole wat voorsiening maak vir kinders met spesiale behoeftes	E	tekort aan energie; gewigsverlies en koors
3.1.6	Algemene leerversteurings by kinders	F	spesiale skole
3.1.7	Toerusting wat mense met gestremdhede help	G	blindheid; doofheid
3.1.8	Die behoefte aan liefde en aanvaarding en ’n gevoel van aanhorigheid	H	fynmotoriese vaardighede
3.1.9	Bewegings wat die gebruik van klein spiere behels	I	chroniese siekte
3.1.10	’n Gesondheidsprobleem wat ’n leerder vir ’n lang tydperk uit die klaskamer hou	J	gehoortoestelle; rystoele
		K	hoofstroomskole

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

gesondheidsontneming; spraak; oorleef; selfversorgend; brandarm; opvoeding; belasting; liggaamlike ontneming; inkomste; godsdiens; navorser

3.2.1 Die finale fase van armoede is …

3.2.2 Wanneer mense nie meer die basiese behoeftes soos water en kos kan bekostig nie, verwys ons na …

3.2.3 Wanneer mense nie toegang het tot doeltreffende gesondheidsdienste nie, verwys ons na …

3.2.4 Die algemeenste bestaansgrens is die bestaansgrens wat op … gebaseer is.

3.2.5 Navorsing het bewys dat mense met lae vlakke van … meer waarskynlik arm is.

3.2.6 Mense wat hulself finansieel kan ondersteun, is …

3.2.7 … is ’n fooi wat op goedere en dienste betaal word.

3.2.8 Wanneer data tydens navorsing versamel is, moet die … aan die deelnemers inligting oor die aard van die navorsing verskaf.

3.2.9 As jy kan glo en die geloof van jou keuse kan volg, het jy vryheid van …

3.2.10 As jy kan sê wat jy wil sê, het jy vryheid van …

(10 × 1) (10)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

4.1.1 *Waarneming*

4.1.2 *Opname*

4.1.3 *Gevallestudie*

4.1.4 *Diepgaande onderhoud*

(4 × 2) (8)

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

’n Voolskoolse onderwyser doen navorsing oor die fisiese ontwikkeling van die vyfjarige kinders in haar kleuterskool. Sy sit tydens pouse buite terwyl sy hul bewegings en aktiwiteite dophou.

4.2 Watter navorsingsmetode sal jy vir die onderwyser voorstel? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

4.3 Stel VIER etiese eienskappe voor wat die onderwyser moet demonstreer terwyl sy die navorsing doen. (4 × 2) (8)

4.4 Hoekom kan hierdie navorsingstipe as primêre navorsing geklassifiseer word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

4.5 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.5.1 Die bevolking in die navorsing verwys na die (onderwyser/kinders) in die studie.

4.5.2 Die veranderlike in die navorsing verwys na die (fisiese ontwikkeling/ouderdom) van die kinders.

4.5.3 Die onderwyser kan ’n (brief/kontrolelys) gebruik om die data te versamel.

(3 × 1) (3)

4.6 Noem TWEE eienskappe wat kinders gewoonlik tydens navorsing vertoon.

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die vrae.

MASLOW SE HIËRARGIE VAN BEHOEFTES



5.1 Stel oplossings voor vir hoe om aan die volgende behoeftes van kinders in 'n kleuterskool te voldoen:

5.1.1 Fisiologiese behoeftes

5.1.2 Veiligheids- en sekuriteitsbehoeftes

5.1.3 Sosiale behoeftes

5.1.4 Egobehoeftes

(4 × 3) (12)

5.2 Vergelyk *groeibehoeftes* met *gebreksbehoeftes*. (2 × 2) (4)

Voeding speel 'n belangrike rol in die algemene welsyn van kinders. Kinders moet daagliks gebalanseerde maaltye hê.

5.3 Stel oplossings voor vir hoe die volgende siektes by kinders geminimaliseer kan word:

5.3.1 Kwasjiorkor

5.3.2 Beri-beri

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

5.4 Evalueer die noodsaaklikheid van die insluiting van kinders met MIV/VIGS.
(2 × 2) (4)

5.5 Ontleed krities hoe die volgende samelewingshindernisse in gemeenskappe deur gemeenskapslede hanteer kan word:

5.5.1 Ernstige armoede

5.5.2 Laat inskrywing in die onderwysstelsel

5.5.3 Kinders aan die hoof van huishoudings

5.5.4 Straatkinders

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

6.1.1 Armoede is die tekort aan … goed wat baie mense as vanselfsprekend aanvaar, soos kos, klere en skuiling.

6.1.2 Volgens die Verenigde Nasies, moet ’n mens se liggaamsmassa-indeks bo … wees om nie as absoluut arm geklassifiseer te word nie.

6.1.3 Enige proses wat daarop gemik is om die vlak van armoede in ’n gemeenskap of groep mense te verminder, word ’n …-strategie genoem.

6.1.4 Die fokus van armoede word gewoonlik op die … vlak van Maslow se hiërargie gesentreer.

(4 × 1) (4)

6.2 Daar is sekere algemene eienskappe van armoede. Bestudeer die prente hier onder en identifiseer die eienskap van armoede wat geïllustreer word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.2.1



6.2.2



6.2.3



6.2.4



(4 × 1) (4)

6.3 Noem en verduidelik enige TWEE armoedeverminderingstrategieë wat die armoedesyfer in jou eie gemeenskap kan verminder. (2 × 2) (4)

6.4 Ontleed die uitwerking wat armoede op die volgende van ’n mens kan hê:

6.4.1 Selfbeeld

6.4.2 Verhoudings met ander familielede

6.4.3 Ontwikkeling tot selfverwesenliking

(3 × 2) (6)

6.5 Noem AGT regte wat elke kind in Suid-Afrika het. (8)

6.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.6.1–6.6.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee ’n rede vir die antwoord.

6.6.1 Enige mens kan jou huis deursoek as hulle dink jy het iets by hulle gesteel.

6.6.2 Almal het die reg dat hul waardigheid gerespekteer word.

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 7

7.1 Onderskei tussen ’n *sorgafhanklikheidstoelae* en ’n *kinderondersteuningstoelae*. (4)

7.2 Hoe hou ’n gebrek aan onderwys verband met armoede? (2 × 2) (4)

7.3 In jou opinie, het die ontwikkeling van ROP-huise ('RDP houses') armoede in Suid-Afrika verlig? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (1 + 2 × 2) (5)

7.4 Stel praktiese maniere voor waarop ’n opvoeder die ontwikkeling van die volgende kan vestig:

7.4.1 Entrepreneursvaardighede by graad 10-leerders

7.4.2 Estetiese beginsels by graad 4-leerders

7.4.3 Kommunikasie by graad 2-leerders

(3 × 2) (6)

WAT SAL JY DOEN?

Dink jy elke webwerf op die internet kan verklik word as die skool plagiaatopsporingsagteware het? Wat is die kans dat ’n mens gevang word as jy aanlyn verneuk? Is dit die kans werd? Hoe dink jy lyk verneukery op transkripsie?

Kopiereg voorbehou

7.5	Onderskei tussen *plagiaat* en *kopiereg.*	(2 × 2)	(4)
7.6	Voorspel moontlike gevolge as ’n navorser nie kopieregregulasies nakom wanneer hy/sy navorsing doen nie.	(2 × 2)	(4)
7.7	Kompliseer die internet plagiaat? Gee ’n rede vir jou antwoord.	(1 + 1)	(2)
7.8	Hoekom is ABET-opleiding steeds relevant in Suid-Afrika?		(1)
			[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou